**God is die Pottebakker, Sy kundige hande brei en vorm ons soos Hy wil.**

**God is die Pottebakker wat ons almal met Sy kundigheid gevorm en gemaak het. Van die beginaf het God ons almal as mens, baie goed gemaak. Die mens het teen God gekies, maar God reik uit na die mens. In die begin het God ook die volk Israel ook gemaak, maar hulle het teen God gekies, maar God reik weer uit na Sy volk.**

**So reik God ook uit na ons. Hierdie gedeelte is 'n oproep om terug na God te draai en onder God se heerskappy te buig, en ook Hom toe te laat om ons kundig weer te vorm. Hierdie vorming is nodig sodat ons nuttige kruike kan wees in die koninkryk van God.**